Die Hoër Tegnologiese Skool
John Vorster

19 Julie 2024

Geagte Graad 12-Ouers / -Voogde en -Matrikulante

Aan die begin van kwartaal 3, vyf weke voor die aanvang van die Voorbereidende Rekordeksamen, wil ons u graag sterkte toewens met hierdie noodsaaklike voorbereiding. Ons besef dat hierdie eksamen 'n enorme impak op beide leerders en ouers het en ons wens vir elkeen toe: kalmte, krag, deursettingsvermoë en goeie gesondheid. Ons dra u op aan die Almagtige Skepper wat elke leerder en ouer in sy Vaderhand bewaar.

GRAAG VERSKAF ONS DIE VOLGENDE INLIGTING AANGAANDE DIE GR. 12-LEERDERS SE PROGRAM VOOR, TYDENS EN NA DIE REKORDEKSAMEN:

1. **VERPLIGTE SKOOLBYWONING, PAT-SESSIES EN EKSTRA KLASSE VOOR VRAESTELLE**

Daar word van elke graad 12-leerder verwag om die volgende vyf weke, te alle tye, skool by te woon, asook alle ekstra klas en PAT-sessies wat geskeduleer word, ten volle te benut alvorens die eksamen 'n aanvang neem. Maak asseblief seker dat u kind hierdie addisionele tyd en moeite van ons personeel, tot hul voordeel aanwend.
Geen leerder sal sonder amptelike kennisgewing en wettige rede met bewyse, van die skool verskoon word nie.

2. **40 DAYS, BAARDGROEIKOMPETISIE EN NAELGROEIKOMPETISIE: 19 JULIE 2024**

Hierdie pragtige tradisie vind plaas op 19 Julie 2024. Die optog vertrek vanaf Waverley Plaza na die skool. Leerders behoort die skool om ongeveer 9:30 te verlaat – geniet hierdie spesiale geleentheid en sorg dat jul veilig ry. Alle reëlings word hanteer en deurgegee deur me. N Kruger (e-pos: natasha.kruger@htsjv.co.za).

3. **MATRIEKAFSKEID: 19 SEPTEMBER 2024**

Hierdie hoogtepunt in u kind se lewe vind plaas op 19 September 2024 te Batter Boys, Montana.
Aankoms: 17:30 – 18:30. Koste: R550 per person en is voor 20 Augustus 2024 by Finansies betaalbaar.
Merk asseblief u betaling duidelik as *MATRIEKAFSKEID, asook u kind se toelatingsnommer*.
Maak u self ook gereed om die aankoms van die matrieks saam met ons by Batter Boys op 19 September 2024 te kom geniet. Alle reëlings word hanteer en deurgegee deur me. I Grobbelaar (e-pos: igrobbelaar@htsjv.co.za).

4. MATRIEK-EREDIENS, GRAAD 12-PRYSUITDELING EN EKSAMENVERGADERING: 11 OKTOBER 2024

Na die Oktobervakansie, het die matriekleerders 7 dae skool vanaf 1 Oktober tot 10 Oktober 2024. Hierdie 7 dae is noodsaaklik vir die kontrole en behandeling van die Rekordeksamenvraestelle. Geen leerder sal sonder amptelike kennisgewing en wettige rede met bewyse, van die skool verskoon word nie. Op 11 Oktober 2024 sluit ons dan saam u kind se skoolloopbaan in die skoolsaal af met n erediens, 'n prysuitdeling en 'n eksameninligtingsvergadering; *alle leerders **MOET** hier teenwoordig wees.*
Inligting rakende hierdie geleenthede, sal later deurgegee word.

LW: DIE SKOOL SAL NIE HUIWER OM, WAAR NODIG, LEERDERS NA 11 OKTOBER TE VERPLIG OM EKSTRA KLASSE BY TE WOON A.G.V. SWAK PRESTASIE OF OM PATS TE KOM VERBETER NIE.

5. ROOSTERS VIR REKORDEKSAMEN EN NSS-EINDEKSAMEN 2024

Die roosters vir die komende Voorbereidende Rekordeksamen asook die NSS-Eindeksamen is reeds op TEAMS en Whatsapp versprei. Maak asseblief seker dat elke matriekleerder presies weet watter vak wanneer geskryf word tydens hierdie twee belangrikste eksamens van sy/haar lewe.

Die datums van hierdie betrokke eksamens is as volg:

REKORDEKSAMEN: 19 Augustus 2024 – 18 September 2024
NSS-EINDEKSAMEN: 21 Oktober 2024 – 25 November 2024

Baie sterkte met die Rekordeksamen – ons bid vir elke leerder en ouer!

Die uwe

A DOWD
HOOF

E OLWAGE
ADJUNKHOOF: AKADEMIE